Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

2023

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Meervoudige keuse

1.1.1 C ✓✓
1.1.2 C ✓✓
1.1.3 A ✓✓
1.1.4 D ✓✓
1.1.5 A ✓✓
1.1.6 A ✓✓
1.1.7 C ✓✓
1.1.8 D ✓✓
1.1.9 C ✓✓
1.1.10 B ✓✓

(10 x 2) (20)

1.2 Pasitems

1.2.1 B ✓✓
1.2.2 F ✓✓
1.2.3 G ✓✓
1.2.4 K ✓✓
1.2.5 L ✓✓
1.2.6 C ✓✓
1.2.7 J ✓✓
1.2.8 H ✓✓
1.2.9 A ✓✓
1.2.10 E ✓✓

(10 x 2) (20)

1.3 Landboukundige terme

1.3.1 Grond erosie ✓
1.3.2 Grond pH / grondreaksie ✓
1.3.3 Veiling ✓
1.3.4 Verpakking ✓
1.3.5 Brondokumente ✓

(5 x 1) (5)

1.4 Onderstreepte woorde

1.4.1 Klimaks /Subklimaks✓
1.4.2 Anemometer ✓
1.4.3 Sekondêre ✓
1.4.4 Bestanddele ✓
1.4.5 Versuikering ✓

(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING

2.1 Grond as 'n waardevolle bate

2.1.1 Verduidelik indien waarde van plaasgrond verhoog

- Belê in grond ✓ deur vaste bates toe te voeg tot die plaas ✓
- Grond word meer produktief gemaak deur korrekte:
  - bewerking ✓
  - beweiding ✓
  - watergebruik ✓
- Toestand van veld/grond verbeter (verhoog) ✓ met goeie bestuur ✓
- Netto waarde van plaas verhoog ✓ a.g.v. die toename in bates ✓
- Grondwaarde verhoog met tyd ✓ a.g.v. die ekonomiese karakter van grond ✓ (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 Verduidelik indien waarde van plaasgrond neem af

- Grond word minder produktief gemaak as gevolg van verkeerde:
  - bewerking ✓
  - beweiding ✓
  - watergebruik ✓
- Toestand van veld/grond gaan agteruit (verswak) ✓ met swak bestuur ✓
- Bates van plaas verlaag ✓ a.g.v. gebrek aan instandhouding ✓
- Netto waarde van die plaas verlaag ✓ a.g.v. afname in bates ✓ (Enige 2) (2)

2.2 Werker afwesigheid

2.2.1 Verduidelik produktiewe werkers

Werkers is produktief wanneer hulle vinnig ✓ insette omskakel na uitsette ✓

OF

Produktiwiteit = (Uitset ÷ inset) ✓ in 'n spesifieke tydsperiode ✓ (2)

2.2.2 Beskryf moontlike redes waarom afwesigheid lei tot verlaging in produktiwiteit

- Indien die werker afwesig is vir 'n lang periode, moet 'n ekstra werker in diens geneem word ✓ en opleiding van ‘n nuwe werker is tydrowend ✓
- Wanneer ‘n werker afwesig is moet ander werkers oortyd werk ✓ wat kan ly tot moegheid/negatiwiteit wat produktiwiteit verlaag ✓ (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 Bespreek hoe boer help om werkers gesond te hou

- Neem werkers gereeld na mediese fasiliteit ✓
- Verseker ‘n gesonde werksomgewing ✓
- Opvoeding van werkers in:
  - Siektes (MIV en VIGS, TB, COVID) ✓
  - Gesonde leefstyl (gesonde eetgewoontes / gereelde oefening) ✓
  - Goeie persoonlike higiëne ✓
- Verseker dat werkers voldoen aan die veiligheidsregulasies (veiligheidswetgewing/'OHS Wet') ✓ (Enige 3) (3)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.3 **Beskryf beginsels van 'n weikamp vir diereproduksie**

- Die kamp benodig skadu en skuiling, bv. bome vir diere ✓
- Skoon en vars drinkwater moet altyd beskikbaar wees ✓
- Die bron van water moet so na as moontlik aan die middel van die kamp wees ✓
- Verseker geskikte weidingskapasiteit ✓ / Korrekte drakrag ✓
- Genoeg smaaklike voedsel ✓
- Neem topografie in ag ✓
- Geskikte weiding vir die tipe dier ✓
- Geskikte heinings vir die tipe dier ✓
- Afkamp van gevaarlike areas (nat areas / giftige plante) ✓ (Enige 3) (3)

2.4 **Grondbewerking**

2.4.1 **DRIE nadele van 'n ploegsool (-laag)**

- Daar is nie genoeg porieë of spasies in gekompakteerde gronde nie ✓
- Vlak wortelontwikkeling ✓
- Versuipte toestande ✓
- Stadige waterdreinering ✓
- Swak lugbeweging ✓
- Die beperkte wortels kan meestal nie genoegsame water en voedingstowwe opneem vanuit die grond nie ✓
- Swakker plantegroei en laer opbrengste ✓
- Plante is minder droogtebestand ✓ (Enige 3) (3)

2.4.2 **Beskryf probleem oplossing van ploegsool (-laag)**

- Los die probleem op deur die ploegsool (-laag) te breek met 'n primêre bewerkingsimplement, ✓ bv. 'n skeurploeg
- Varieer die ploegdiepte ✓
- Gebruik wisselbou:
  - met gewasse wat bewerking op verskillende diepte benodig ✓
  - met gewasse wat wortelsisteme het wat op verskillende dieptes ontwikkel ✓ (Enige 2) (2)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.5 **Beskryf voordele van geenbewerking en permanente grondbedekking**

- Feitlik geen water- en winderosie ✓
- Verhoogde waterinfiltrasie in die grond ✓
- Grondwater meer geredelik beskikbaar ✓
- Organiese materiaalinhoud van grond word behou of verbeter ✓
- Koolstof word in die grond geïsoleer, wat grondkwaliteit verhoog en globale verwarming verminder ✓
- Grond kwaliteit verbetering (chemies, fisies en biologies) ✓
- Verhoogde gewas produktiwiteit ✓
- Verminderde bemesting en produksiekoste ✓
- Selfs meer volhoubare en winsgewende gewasproduksie (verseker oorlewing van die familieplaas) ✓
- Basiese behoeftes word bevredig / verbeter plattelandse lewens-standaarde en gehalte van lewe / verhoogde en gediversifiseerde produktiwiteit / verhoogde wins ✓ (Enige 3) (3)

2.6 **Verskillende boerderymetodes**

	INTESIEWE BOERDERY	**EKSTENSIEWE BOERDERY**
INSET: Arbeid: sonder meganisering	meer/hoog ✓	minder/laer ✓
INSET: Grond: hoeveelheid per dier	laag/klein/minder ✓	hoog/groot/meer ✓
UITSET: hoeveelheid per eenheidsarea	groot/hoog ✓	klein/laag ✓

(6)

2.7 **Verduidelik konsepte in presisieboerdery**

2.7.1 **GPS**

- Globale Posisioneringstelsel gee die presiese posisie ✓ van die ontvanger op die oppervlakte van die aarde ✓
- 'n Satellietstelsel ✓ wat die boer voorsien van posisionering, navigering, en tydskedulering dienste ✓
- Vestig 'n ruitsisteem ✓ vir grondmonsterneming en optimalisering van die gebruik van chemikalieë (bemesting; plaagdoders; ens.) ✓
- Kan koördinate gebruik om oppervlakte✓ van gekose area te bereken ✓

(Enige 1 x 2) (2)

2.7.2 **GIS**

- Geografiese Inligtingstelsel verwerk die insette ✓ in 'n rekenaarsisteem en vertoon dit op 'n kaart ✓
- Is 'n rekenaarsisteem wat geografiese verwysingsinligting analiseer ✓ en vertoon ✓
- Insette word verwerk deur 'n rekenaardatabasisse om inligting te stoor, analiseer en terug te kry ✓ en om geografiese inligting in kaart vorm te beskou ✓ (Enige 1 x 2) (2)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.7.3 **VTT**

- Veranderlike Tempo Tegnologie gebruik implemente (planters, kunsmistoediener) ✓ wat oor die vermoë beskik vir presies gekontroleerde aanwending van insette ✓
- Dit laat toe dat kunsmis, chemikalieë, kalk, gips, besproeiingswater en ander insette teen verskillende tempo's toegedien word ✓ regoor die land sonder om die verstellings op toerusting per hand te verander en om verskeie kere oor die area te beweeg ✓ (Enige 1 x 2) (2)

2.8 **Landbou-implemente**

2.8.1 **Onderskei tussen primêre en sekondêre implemente**

Primêre implemente

- Implemente is groot en swaar ✓
- Doen gewoonlik swaar bewerking ✓
- Dieper bewerking ✓ (Enige 1) (1)

Sekondêre implemente

- Implemente is ligter en fyner ✓
- Gewoonlik gebruik na primêre bewerking ✓
- Vlak bewerking ✓ (Enige 1) (1)

2.8.2 **Klassifiseer implemente**

- IMPLEMENT A = Sekondêre ✓
- IMPLEMENT B = Primêre ✓
- IMPLEMENT C = Primêre ✓ (3)

2.8.3 **Noem DRIE nadele in die gebruik van implemente**

- Implemente is duur ✓
- Gebruik van implemente verg 'n meer vaardige werker ✓
- Gebruik van implemente kan sekere eienskappe van gronde vernietig ✓
- Depresiasie / die waarde van die implement verminder ✓
- Die implement mag beskadig word ✓
- Dit kan lei tot werkloosheid / Minder arbeid benodig ✓
- Koste van brandstof is hoog ✓
- Koste van dienste is hoog ✓ (Enige 4) (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.9 **Noem VIER aspekte by die verkryging implemente en toerusting**

- Koste van die aankoop van ‘n implement ✓
- Kwaliteit van die implement ✓
- Kies aanpasbare implemente ✓
- Implemente moet van die regte grootte en kapasiteit wees vir die omstandighede ✓
- Hou moontlike uitbreiding in gedagte ✓
- Keuse van tegnologiese vordering moet gemaak word ✓
- Opleiding benodig en die koste daarvan ✓
- Bereken die bedryfskoste (lopende-) van die implement ✓
- Onderhoud en dienste beskikbaar ✓
- Doen navorsing oor die produk se effektiwiteit ✓
- Kies tussen outomatiese- of handgedrewe model ✓
- Besluit watter tipe bykomstighede of ekstras benodig word ✓ (Enige 4) (4)

2.10 **Verduidelik hoe agritoerisme risiko's verminder in kommersiële boerdery**

- Kontantvloei bevoordeel die boer ✓
- Optimale gebruik van alle hulpbronne bv. berge / riviere ✓
- Waarde van plaas verhoog – addisionele fasiliteite is opgerig ✓
- Groter bemarkingswaarde vir die boer se produkte ✓
- Beskerm die plaas teen:
  - Klimaatpatrone ✓
  - Waarde van die Rand ✓ (Enige 4) (4)

[50]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPLANNING, ENTREPRENEURSSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING EN BESTUURSPROSES

3.1 Bemarkingskanale

3.1.1 Noem DRIE probleme met verkoop van lewende hawe by veilings

- Veilingskostes kan hoog wees ✓
- Markprys is nie altyd gunstig nie (reserweprys) ✓
- Risiko vir uitbreek van siektes/kwarantyn gebiede ✓
- Swak georganiseerde veilings ✓ (Enige 3) (3)

3.1.2 Beskryf vryemarkstelsel

- Die produseerder kan produkte verkoop waar ✓ hulle wil, wanneer ✓ hulle wil en teen die hoogste moontlike prys ✓ (Enige 2) (2)

3.1.3 Noem voordele van varsproduktemarkte

- Boere kan voordeel trek uit hoër pryse in tye van tekorte ✓
- Die mark kan groot hoeveelhede van die boere se produkte verkoop ✓
- Die boer kan 'n agent gebruik om produkte te bemark ✓
- Geld is onmiddellik beskikbaar na verkope ✓ (Enige 2) (2)

3.2 Plaasbeplanning

3.2.1 Bespreek finansiële plan

- Om plaaswins te voorspel ✓ vanuit moontlike inkomste en uitgawes ✓
- Om die bron van inkomste te bepaal ✓ van elke produksie vertakking ✓
- Om kontantvloei te bepaal, genoeg geld beskikbaar wanneer benodig ✓
- Om maandelikse inkomste van verkope te voorspel ✓ van produkte van verskillende vertakkings ✓
- Om te bepaal of die kapitaal genoeg is ✓ vir produksie in verskillende vertakkings ✓ (Enige 2) (2)

3.2.2 Bespreek bemarkingsplan

- Verifieer die bestaan van moontlike kliënte ✓ vir elke produksie vertakking ✓
- Om te fokus op verbruiker tevredenheid ✓ vir elke produk wat geproduseer is ✓
- Om marktendense te ken ✓ en om te weet wanneer om produkte te verkoop ✓
- Erken die geleenthede in die mark ✓ wat verkope sal verhoog / advertering ✓ (Enige 2) (2)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.3 **Noem elemente van organisering**

- Identifikasie van take ✓
- Groepering van verwante take ✓
- Delegering van sekere taak aspekte ✓
- Toesighouers en bestuurders vat verantwoordelikheid vir uitgevoerde take ✓
- Koördinering van verskillende take ✓ (Enige 2) (2)

3.4 **Dui die aspekte van besluitneming aan**

- Die akkuraatheid van besluite ✓
- Die spoed waarteen besluite geneem word ✓
- Die aanvaarbaarheid van die besluit deur die persone betrokke ✓ (3)

3.5 **Noem voordele van koördinasie**

- Dit verhoog die effektiwiteit van die gebeurlikheid ✓
- Duplisering word uitgeskakel ✓
- Hulpbronne word optimaal benut binne die verskillende operasionele take ✓
- Beter samewerking tussen werkers ✓
- Organisering in die werksplek word makliker en meer funksioneel ✓
- Beter kommunikasie in die werksplek ✓ (Enige 3) (3)

3.6 **Gee redes vir indiensnemingskontrak**

- Beskerm die regte van beide partye ✓
- Dit is 'n wetlike vereiste ✓
- Dit is 'n wetlike ooreenkoms tussen die werknemer en werkgewer ✓
- Kan daarna verwys indien 'n dispuut ontstaan ✓
- Dit definieer wat van die werknemer verwag word ✓ (Enige 3) (3)

3.7 **Noem en verduidelik die pilare van plaas volhoubaarheid**

- Produktiwiteit ✓ om produktiwiteit te behou en te verbeter ✓
- Risikobestuur ✓ om produksiesekuriteit te verseker ✓
- Bewaring ✓ om die potensiaal van natuurlike hulpbronne te beskerm ✓
- Ekonomiese lewensvatbaarheid ✓
  om die winsgewendheid van die plaas te bepaal ✓
- Sosiale aanvaarding ✓
  om die gemeenskap/omgewing te ontwikkel✓

(Enige 2 noem en verduidelik) (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.8 **SSGB ontleding vanuit scenario**

3.8.1 **DRIE sterkpunte**

- Beskikbaarheid van grond ✓
- Kapitaal is beskikbaar ✓
- Besigheidsvaardighede ✓
- Water van die rivier is beskikbaar ✓
- Goeie veld ✓ (Enige 3) (3)

3.8.2 **EEN swakpunt**

- a) Gebrek aan boerderyvaardigheid ✓
- b) Gebrek aan boerderykennis ✓
- c) Nie baie vrugbare sanderige gronde ✓ (Enige 1) (1)

3.8.3 **EEN geleentheid**

- Agritoerisme / lok toeriste om te kom visvang ✓
- Perdeteeltmark ✓ (Enige 1) (1)

3.8.4 **TWEE bedreigings**

- Reënval beskikbaar / droogte / rivier kan opdroog ✓
- Konflik tussen die groepslede ✓
- Uitbreek van siektes ✓
- Veranderinge in die mark✓
- Erosie (wind /water) ✓ (Enige 2) (2)

3.8.5 **Aksies om swakhede aan te spreek**

- a) Indiensneming van 'n plaasbestuurder wat oor vaardighede beskik ✓
- b) Indiensneming van 'n plaasbestuurder wat oor kennis beskik ✓
- c) Verbeter die gehalte van die grond / voeg organiese materiaal by die grond / plant gewasse wat sanderige grond verkies ✓

(Enige 1 wat koppel aan VRAAG 3.8.2)) (1)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.9 **Gelykbreekpunt**

3.9.1 **Bereken koste per eenheid**

- Koste per produk = koste ÷ hoeveelheid eenhede
  = R50 000 ÷ 20 000 ✓
  = R2,50 per eenheid ✓ (2)

3.9.2 **Onderskei tussen veranderlike koste en vaste koste**

VERANDERLIKE KOSTE	VASTE KOSTE
Verander per eenheid geproduseer ✓	Verander nie op die kort termyn nie ✓
Kan beheer/vermy word afhangende van die hoeveelheid eenhede geproduseer ✓	Kan nie beheer/vermy word nie ✓

(Tabel nie nodig nie) (4)

3.10 **Verduidelik vraag en aanbod**

3.10.1 **Konsep van vraag en prys**

- Hoe laer die prys, hoe hoër is die vraag ✓✓
- Hoe hoër die prys hoe laer is die vraag ✓✓

OF

- Hoe hoër die vraag hoe hoër is die prys ✓✓
- Hoe laer die vraag hoe laer is die prys ✓✓ (Enige 1) (2)

3.10.2 **Konsep van aanbod en prys**

- Hoe hoër die prys hoe hoër is die aanbod ✓✓
- Hoe laer die prys, hoe laer is die aanbod ✓✓

OF

- Hoe hoër die aanbod hoe laer is die prys ✓✓
- Hoe laer die aanbod hoe hoë is die prys ✓✓ (Enige 1) (2)

3.11 **Identifiseer aspekte van 'n sakeplan**

3.11.1 Buiteblad / Voorblad ✓ (1)

3.11.2 SSGB ontleding (SWOT ontleding) ✓ (1)

3.11.3 Addendum/Aanhangsel ✓ (1)

3.11.4 Menslike hulpbronplan ✓ (1)

3.11.5 Finansiële hulpbronplan ✓ (1)

3.11.6 Infrastruktuur ✓ (1)

[50]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING

4.1 Begrotings vanuit lys

4.1.1 Voorbeelde van produksiebegrotings

- Voerbegroting ✓
- Instandhoudingsbegroting ✓
- Arbeidsbegroting ✓ (3)

4.1.2 Beskryf primêre doel van 'n begroting

- Om beperkinge te plaas op bedrae wat vir plaasaktiwiteite gebruik word ✓
- Om krediet betyds te verkry ✓
- Om hulpbronne en geld gespandeer te koördineer soos beplan ✓
- Om vas te stel of die besigheid moet uitbrei al dan nie ✓
- Om 'n behoefte analise te doen en te kontrole uit te oefen ✓
- Om die moontlike winsgewendheid van 'n alternatief te bepaal ✓
- Om die tydsverbruik en uitvoerbaarheid van 'n besluit te toets ✓
- Om langtermyn strategieë en doelwitte te kwantifiseer ✓ (Enige 4)

(4)

4.1.3 Gee voorbeelde van parameters gebruik in begroting

- Pryse ✓
- Opbrengs/ontvangste ✓
- Toepassing van insette ✓
- Tyd van insette en uitsette ✓
- Nageslag-/speenpersentasie ✓ (Enige 2) (2)

4.2 Finansiële aspekte

4.2.1 Bereken bruto marge vir die twee produksierigting

Produksierigting A

- BM = Ontvangste – Veranderlike koste
  = R39 011,00 – R32 102,24 ✓
  = R6 908,76 ✓

Produksierigting B

- BM = Ontvangste – Veranderlike koste
  = R37 361,00 – R28 532,27 ✓
  = R8 828,73 ✓ (4)

4.2.2 Bereken netto inkomste

- Netto inkomste = Totale plaas inkomste – Totale plaas uitgawes
  = R76 372,00 – R60 634,51 ✓
  = R15 737,49 ✓

OF

- Netto inkomste = BM (A) + BM (B)
  = R6 908,76 + R8 828,73 ✓ (CA)
  = R15 737,49 ✓ (2)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.2.3 **Mees winsgewende produksierigting**

- Produksierigting A ✓ (1)
- Want dit het meer ontvangste per hektaar as besigheid B ✓
- *korrekte berekeninge ook geldig* (Enige 1) (1)

4.3 **Inkomstestaat**

UITGAWES			INKOMSTES		
DATUM	**BESKRYWING**	**WAARDE (R)**	**DATUM**	**BESKRYWING**	**WAARDE (R)**
	Produksie-koste	87 000	15/03/22	Verkope van produk	38 600
	Bemarkings-koste	2 500	10/04/22	Verkope van produk	69 450
			20/05/22	Verkope van produk	61 500
	TOTAAL	89 500		**TOTAAL**	169 550

RUBRIEK

- Opskrifte: INKOMSTE en UITGAWES ✓
- Elke korrekte inskrywing INKOMSTE-kant ✓✓ (maks 2)
- Elke korrekte inskrywing UITGAWE-kant ✓✓ (maks 2)
- Beide totale korrek (een punt) ✓

(Inkomste en uitgawes kan onder mekaar wees) (6)

4.4 **Verduidelik die stappe wat gevolg moet by die ontwikkeling van inventaris**
(Volgorde is belangrik)

- Stap 1: Maak 'n fisiese telling van al die beskikbare bates in die boerderybesigheid ✓
- Stap 2: Evalueer al die bates teen die huidige markwaarde ✓
- Stap 3: Maak 'n afsluitingsinventaris aan die einde van die jaar ✓ (3)

4.5 **Brondokumente**

4.5.1 **Bespreek TWEE gevalle waar boerderybesigheid 'n kwitansie uitreik**

- Enige transaksie waar geld/goedere ontvang word ✓
- Wanneer bydraes of donasies/borgskappe ontvang word ✓
- Wanneer 'n boer betaling ontvang vir verkope van produkte ✓
- Wanneer betaling van 'n debiteur ontvang word ✓ (Enige 2) (2)

4.5.2 **Noem data wat op die brondokument moet voorkom**

- Hoeveelheid ✓
- Datum van transaksie ✓
- Beskrywing van transaksie ✓
- Besigheidsnaam – wat die dokument ontvang✓
- Besigheidsnaam – wat dokument uitreik ✓
- Betalingsinligting ✓ (Enige 4) (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.6 **Storing**

4.6.1 **Struktuur wat deur grootskaalse boere gebruik word**
- Silo ✓ (1)

4.6.2 **Rede vir gebruik van omgekeerde kegels op pale**
- Om te verhoed dat knaagdiere die struktuur binnegaan ✓ (1)

4.6.3 **VIER klimaatsaspekte waarteen struktuur beskerm**
- Temperatuur ✓
- Neerslag (reënval, ryp, sneeu, dou) ✓
- Wind ✓
- Lig ✓ (4)

4.7 **Noem fisiese of sigbare kenmerke vir gradering van geoeste plaasprodukte**
- Kleur van die produk ✓
- Grootte van die produk ✓
- Vorm van die produk ✓
- Konformasie/bou van die produk ✓
- Skade op die produk ✓
- Varsheid van die produk ✓
- Skoon voorkoms van die produk ✓ (Enige 4) (4)

4.8 **Prosessering**

4.8.1 **Noem DRIE voedselpreserveringsmetodes gebruik om mikro-organismes te dood of uit te skakel**
- Verhitting ✓
- Filtrasie ✓
- UV-radiasie ✓
- Vriesing ✓ (Enige 3) (3)

4.8.2 **Verduidelik waardetoevoeging se bydrae tot finansiële volhoubaarheid**
- Die boer identifiseer 'n gaping in die mark ✓ en deur prosessering word waarde aan die rou produk toegevoeg ✓
- Die nuwe waardetoegevoegde produk kan inkomste genereer ✓ wat kan bydra tot die finansiële lewensvatbaarheid van die plaas ✓
- Oorskot produkte kan benut word ✓ om ekstra inkomste te skep ✓

(Enige 1 x 2) (2)

4.9 **Bespreek regsvereistes van die informasie op die etiket t.o.v. voedingswaarde**
- Tabel met ✓ voedingswaardes ✓
- Waardes van massa of persentasie van ADT ✓
- Rangskik die voedingstowwe in volgorde, van die hoogste waarde na die laagste ✓ (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou